NG Gemeente Rondebosch

Derryweg 2, Rondebosch

Ons is 'n inklusiewe familie wat met oop deure jubelend na die gemeenskap uitreik.
We are an inclusive family which reaches out to our community with joy and with open doors.

Die Bulletin: 10 Januarie 2021 - Epifanietyd

Tel: 021 686 4315 **E-pos:** ngkrbos@mweb.co.za facebook.com/ngrondebosch
ABSA Claremont, **Rek:** 2870141125, **Branch:** 632005 **Swift Code:** ABSAZAJJ

PROGRAM VIR DIE WEEK

Baie welkom by ons Erediens. 'n Spesiale welkom aan nuwe lidmate, besoekers en studente wat in hierdie tyd aanlyn by ons inskakel.

NEEM KENNIS: Ons dienste word om 10:00 regstreeks op NG Rondebosch se Facebookblad uitgesaai. Geen dienste/byeenkomste sal tot verdere kennis in die Kerkgebou gehou word nie.

10:00 Stroom	**Dr Johan van den Heever**
Teks:	**MARKUS 1:1-11**
Tema:	**'n Eenvoudige hoop**
D O	Arbeidsbediening

Liewe Gemeente

Onthou julle toe julle met die kinders kleintyd gaan vakansie hou het. Julle het nie ver gery nie, dan vra die kinders: "Hoe ver nog?" Jy het in jou kop geweet hoe ver dit nog was en, afhangende van hoe ver dit nog was, sou jy antwoord: "Maak julle ogies toe en slaap en wanneer julle wakker word is ons daar." Of: "Nie meer ver nie." En later: "Nie meer ver nie, ons is amper daar." Het ons maar die antwoord geken op die vraag na Covid-19. Nou is al antwoord: "Ons weet nie!" Ons wil die week nadink oor Hoop. Waar soek ons ons hoop? Is hoop 'n bestemming of 'n reis?

Ons het verlede week reeds in 'n skrywe die volgende gekommunikeer: Ons wag weer vir die aankondiging op 15 Januarie van die President om te bepaal welke implikasies dit vir ons eredienste en gemeentelike byeenkomste gaan hê. Ons het besluit om tot en met die 17de Januarie net 'n uitsaaidiens Sondagoggende om 10:00 op Facebook aan te bied. Oor ons Week van Gebed saam met InVia (18-21 Januarie 19:00), sal ons eers besluit wanneer ons gehoor het of daar verdere inperkings gaan wees. Ons het gehoop dat die kantoor 11 Januarie weer in bedryf sou wees. Ons sal daardie besluit ook eers neem na die 15de Januarie. Laat weet my asb indien jy siek is of positief vir Covid toets. Ons wil minstens vir jou bid. Trouens wil jy nie daar in jou huis, woonstel of kamer Maan-dae tot Vrydae 16:30—17:00 saam met my en Ansie in gebed verkeer nie?

Groete en seën.

Bly gesond!

Dr Johan

Het jy geweet?

Die Sondagboodskap sou jy, behalwe vir die lewendige uitsending, ook hier kon luister https://www.ngrondebosch.com/preke.html Ons plaas ook die klanklêer op Facebook https://www.facebook.com/ngrondebosch (So gou as moontlik direk na die lewendige uitsending) Al die preke en die 3 minute dag-stukkies, wat Maandag tot Vrydag op WhatsApp uitgaan, word ook hier geplaas https://geskribbeldepreke.blogspot.com/

Finansiële oorsig vir Januarie 2021

Dankoffers: R 21 430 (Mikpunt: R54000)
Erediensoffers: R 1 550 (Mikpunt: R12 000)

Baie dankie vir elkeen se bydrae.

Jou bydraes kan aanlyn of via SnapScan in ons bankrekening gedeponeer word. Merk asb duidelik die rede vir oorbetaling:
Bv. Dankoffer

SnapScan
Snap here to pay

Verjaardae vir week

Joleen Botha	**11 Jan**
Lorraine Edwards	**13 Jan**
Juliette Kriel	**15 Jan**

Baie geluk met julle verjaardae!
Mag die Here julle seën.

Die roudiens van Martha Janse van Rensburg sal op Dinsdag 12 Januarie om 10:30 vanuit die NG kerk, 2 Derryweg gehou word. Dr Johan van den Heever sal die diens waarneem.

Lidmate is welkom om by te woon. Laat weet vir Koos by 083 765 3302. Ons moet die geleentheid ongelukkig beperk tot 50 mense. (Volgens Covert 16 voorskrifte.)

GEBEDSVERSOEKE

Tuis:
Anna van Wyk, Fifeweg, Rondebosch
Rousmart:
Ons innige simpatie aan Aletta Pearce met die afsterwe van haar man, Richard op 3 Januarie 2021
Kom ons bid vir ons gemeente, veral ons tehuise se inwoners, om gesond te bly in hierdie tyd.

10 Januarie 2021 Eerste week ná Epifanie	Ps 29:	`n Oproep om die Here te prys oor sy eer en mag en om die eer van sy Naam.
	Gen 1:1-5	God het die lig toe "dag"" genoem, en die donker het Hy "nag" genoem.
	Hand 19:1-7	"Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het?"
	Mark 1:4-11	Bekeer julle en laat julle doop en God sal julle sondes vergewe.

'[1]n Psalm van Dawid. Prys die Here, julle hemelinge! [2P]Prys die Here om sy eer en mag! Prys die Here om die eer van sy Naam! Buig voor die Here by sy heilige verskyning! [3]Die stem van die Here weerklink oor die waters. Dit is die magtige God wat die weer laat dreun; die Here self is op die groot waters! [4]Die stem van die Here is magtig, die stem van die Here is vol majesteit. [5]Die stem van die Here kloof die seders van die Libanon oop. [6]Hy laat die Libanon bokspring soos 'n kalf en die Sirjon soos 'n jong bees. [7]Die stem van die Here laat weerlig uitslaan...
PSALM 29:1-7 AFR83